Donderdag 11 Julie

**Skrifgedeelte: Psalm 73 (AFR83)**

**Fokusgedeelte: Psalm 73:26**

**God wys vir jou ’n toekoms waar jy naby Hom sal wees**

Hoe kyk jy na die lewe? Wat sien jy raak in die wêreld waarin jy woon? Die aktualiteit van Psalm 73 laat ’n mens verstom staan en fronsend dink … Dit klink of die psalm sommer in hierdie jaar geskryf is.

Daar is ’n raaisel wat ontrafel moet word. Dit lyk of ons omring is deur onregverdigheid. Net soos vir Asaf is dit sake wat net nie so hoort nie.

Die gedig worstel met twee pole. Aan die een kant sien hy voorspoed en vreugde. Die ander kant is vol swaarkry en lyding. Wat die ergste van alles is, die swaarkry sien hy by die gelowiges raak.

Die leser van die gedig hou egter goeie moed. In vers 2 sê die digter dat hy “byna” koers verloor het. Ons wag dus gespanne op sy insig en antwoord op die raaisel. Ons soek ’n antwoord by die digter op die onregverdigheid wat ons vandag nog om ons sien. Hy sing dat hy diep nagedink het om dié moeilike probleem te verstaan (vs 16).

Stadigaan skemer Asaf se oplossing deur. Sy antwoord? Hy het besef dat hy verder sal moet kyk. Die raaisel is opgelos.

Sy groot antwoord deel hy met die leser in vers 26. Hy kyk deur die swaar en dan besef hy aan wie hy behoort.

Die woord “behoort” sê ook vandag vir ons alles. Dit is hoe ver jy moet kyk. Jy behoort aan jou Saligmaker, Jesus Christus. Hy het dit weer moontlik gemaak dat jy naby aan God kan wees.

*Sing: Psalm 73-1:10*

*Ds. CB (Christo) Swanepoel (Lyttelton)*